Ps. 36: 2,3.
Ges. 61: 4,5
" 62: 3.

Werkers vir die Here

Kol. 3:1-4:1; 1 Petr. 2:18-25

~~31 Aug.~~ 1958
Afkp ~~31 Julie~~ Aug 1960.

Kol. 3:22 - Dienskngte, julle moet jul here na die vlees in alles gehoorsaam wees --- omdat julle God vrees.
Kol 4:1 - Betoon reg en billikheid, here aan julle diensknegte omdat julle weet dat julle ook 'n Here in die hemele het.

Ons staan vdm stil by die derde belangr. lewensverhouding wat in Efese 6 en Kol. 3 aangeraak word: dié van slaaf en heer, kneg & baas, werknemer & werkgewer. Wat in 3:22-4:1 deur Paulus neergeskryf word kan ons alleen reg verstaan as ons dit lees in die lig van 3:1-17 (veral vers 11) waar Paulus die wonder v.d. Xt. vryheid & d. Xt. liefde & d. Xt. heiligmaking besin beklemtoon: „Waar daar nie slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal!"

~~Nou moet ons twee dinge nie vergeet nie~~ Twee redes waarom Paulus dit so uitvoerig behandel: (1) die oorgrote meerderheid van bekeerlinge tot d. Xdom in d. Ⓟ was mense uit d. lae stande - arbeiders, slawe, daglonners, armes, verdruktes; (2) in die gemeente Kolosse woon daar d. Xten Filemon wie se slaaf Onesimus weggeloop (gedros) het. Omdat d. vrede van vers 11 so maklik misverstaan kan word as aanmoediging tot losbandigheid, tot d. verbreking van alle bande van orde & wet, d.(aan) gee Paulus 'n uitvoerige ~~aandoening~~ uiteensetting van ~~wat~~ d. verhouding tussen slaaf & heer. ~~moet wees~~ Uit d. uiteensetting haal ons die volgende:

I Ons Houding tot Arbeid:

Reeds in die Paradys het God d. mens d. opdrag gegee tot arbeid - tot gelukkige, skeppende arbeid („Wees vrugbaar & vermeerder ....") Net na d. sondeval vervloek God dit toe Hy a.d. man d. bevel uitreik: „In die sweet v jou aangesig sal jy jou brood eet"

In die tien gebooie kom weer d. opdrag: „Ses dae moet jy arbei - .." Op d. oog klink hd. woorde na 'n straf wat God d. mens opgelê het om te werk. In werklikheid het God dit bedoel as 'n aansporing aan die gevalle mens om weer sy vreugde te vind in alle werk. God wou ~~hê dat d.~~ die mens leer dat net soos God vreugde geput het uit sy skeppingsarbeid, d. mens ook geluk & vreugde moes vind in al sy werk. // Die mens se aardse werk moes 'n weerspieëling wees van God se skeppingswerk! //
Daarom moet d. mens al sy werk sien in d. eerste plek as werk vir d. Here; daarom dat Paulus beide in vs. 17 en vs. 23 neerskryf wat d. houding & gesindheid v.d. mens t.o.v. sy werk moet wees: „En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie"
→ Hoeveel duisende mense is daar vandag vir wie hulle werk 'n las, 'n vloek, 'n harde plig of 'n sielose, vreugdelose taak is! Hulle doen dit hoofs. om d. geld wat hulle verdien, d. profyt wat hulle maak, die plesier om t.v.na te gaan niksdoen! Hulle sien geen doel vir hulle lewe & vind dus geen vreugde in hulle werk nie. Gevolg? Halwe werk, onbesielde werk, oneerlike werk. Waarom? Baiekeer word as antw. gegee: my werk is so eentonig, so sieldodend (bv. vrouens werk, staalware maak - dies. en voort): Hoe kan ek dit hou?
Dan dink ek altyd aan 'n moeder wat dag-in, dag-uit, vir jare & jare die-s kos kook, klere was, kouse stop, kamers aankant maak — & dit tog met vreugde doen. Waarom? Omdat sy dit doen uit liefde, met toewyding, hoë & heerlike doel!



En dan verstaan 'n mens waarom Paulus kan sê: „En wat julle ookal doen, doen dit van harte soos vir die Here": dat ons moet leer dat alle werk is nie vir se plek, werk vir geld, nie 'n baas, vir ons fa-milie nie - maar vir God. Sodra ons dit sien dan geen halwe werk, geen oneerlike werk, geen sielose werk! Hoe
→ Hoe belangrik ons houding t.o.v. ons werk! Hoe staan u t.o.v. u werk?
(„Ek ben aan 'n Godshuis").

II. Die Verhouding tussen dié wat arbei: Paulus was baie goed bewus van die arbeidstoestande van sy tyd: dat d. grootste gros van arbeiders in die Rom. Ryk slawe was: diensknegte sonder enige regte, blote verkoopsartikels op d. mark, mense in wie se harte daar baiekeer bitterheid en wrewel geheers het t.o.v. hulle meesters. Paulus diep bewus v.d. sondigheid v.d. hele slawestelsel.

Ook: besef dat dit sinneloos sou wees om te velde te trek teen hd. stelsel omdat dit die posisie v.d. duisende slawe wat tot d. Xdom bekeerd is onmoontlik sou maak. Daarom gaan hy anders tewerk: stel hy d. groot ewige beginsels van God voor aan beide slaaf en heer:

| Vir slaaf: | Vir heer: |
| --- | --- |
| eerlike arbeid — | regverdige loon |
| onderdanigheid — | billikheid |
| sy diens diens aan God — | rekenskap aan G. |

Vir albei: „geen aanneming v.d. persoon voor God nie"
God sien dus d. mens nie ~~[illegible]~~ as kapitalis, as arbeider, as besitter of nie-besittende:

Nee: Hy sien hom as 'n mens met roeping & verantwd. teen sy naaste, wie se verhouding met sy medemens Xtelik moet wees

→ Dink nou net vir 'n oomblik watter groot rol speel die verhouding tussen werkgewer & werknemer in ons hele arbeidswêreld vdag: aan die mag van vakunies oor d. wêreld: aan die probleem van stakings & loonseise. Groot vraag: ~~Watter bydrae kan die~~ Moet d. Xten nie hier 'n baie belangr. bydrae lewer (of as arbeider of as eienaar & bestuurder) om misverstand uit weg te ruim, om produksie te help verhoog, om billike lone te verseker, om gelukkige verhoudinge te skep!

Besef ons dit? Nie in baie opsigte hd. terrein oorgegee a.d. goddelose magte? Bv Kommunisme?

III Die Wanverhouding wat ons Xt. verdryf: Ek weet nie of Paulus, toe hy hd. woorde in Kol. 3 geskryf het, besef het dat juis hd. woorde bestem was om 1800 jr. [later] die euwel van slawerny uit te roei nie. Mr. wat ek weet is dat solank as d. wêreld staan sal hd. dinge probleme oplewer: die onbillike verdeling v.d. rykdom v.d. aarde, wanverhoudinge in industrieë, spanninge tussen werkgewer & werknemer.

'n Mens weet ook hoedat die Kommunisme hd. dinge uitbuit & hoe die arbeiders v.d. wêreld toeroep: „Deel uit d. Kapitaliste! Die werkers moet d. wêreld regeer! Wis uit alle klasseskeidinge!" 'n Mens moet hoeveel dikwels hoor word-



veral daar waar milj. mense (veral onder die nie-blankes) nog in armoede & broodsgebrek lewe.

Groot vr.: Het die Kerk & d. Xtdom 'n [goddel.] antwoord op hd. aanklagte v.d. Kommuniste & aanloklike aanbiedinge? Het ons 'n oplossing? beter as hulle s'n?

① ~~Alle~~ Xtus Jesus gee ons d. krag & d. lig om alle eerbare werk te sien as werk vir God – elke [ampse] beroep 'n godd. roeping. Daarom elke gesonde mens sy deel lewer: „Wie nie wil werk nie mag nie eet nie" (N.B. Bantoe)

② Xtus Jesus wettig die gees en gewete [v.d. Xten] om alle onreg aan alle mense raak te sien, te help en te herstel. Daarom moet d. Kerk altyd d. gewete wees v.d. [wêreld]: alle vorms van knelling, uitbuiting, oneerl. besighd, onregv. winste moet deur Kerk & Xten verwerp & beveg word. Altyd moet d. Kerk & d. Xten d. kampvegter wees vir alle verdruktes & verontregtes – anders is ons geen Kerk & Xtns nie!

③ Alle wanverhoudinge herstel nie langs weg van staking, opstand, [sabotasie] en revolusie nie, maar langs weg van hervorming, van protes – indien nie die nodige weg dan lydelike verset (bv. Ghandi).

– 1 Petr. 2: 21-24